## Kombinering van reënwater met gryswater

Jy kan gryswater en opgevangde reënwater met sukses gebruik om jou tuin te besproei. Sekere stelselverskaffers kan 'n druptoevoer vanaf 'n reënwatertenk installeer sodat die water stadig in die gryswaterstelsel inloop. Vra jou stelselverskaffer watter dienste en opvolginstandhouding by sy pakket ingesluit is.




4 Jy kan jou gryswater en opgevangde reënwater met sukses kombineer vir die besproeiing van jou tuin.

**Wees wys!**

**Red ons stad!**

**Red ons omgewing!**

**Spaar drinkwater!**

**Wees deel van die oplossing en installeer vandag nog 'n reënwateropvangstelsel!**

## Nuttige inligting

**STAD KAAPSTAD-HULPSENTRUM**
Tel: 0860 103 089
Wenke en inligting oor waterbewaring, alternatiewe watergebruik, gebarste en verstopte pype en oortredings van die waterverordening

**BOORGATWATER-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA**
Tel: 011 447 0851
Lys van boorgatkontrakteurs in jou omgewing

**DEPARTEMENT WATERWESE**
Tel: 012 336 8125/8046
Inligting oor gehalte van waterdraer/grondwater

**KIRSTENBOSCH BOTANIESE TUIN**
Tel: 021 799 8783
Wenke/inligting oor waterwys tuinmaak

**WATERVERORDENING**
Staatskoerant 6378: 01/09/06

**ANDER PAMFLETTE IN HIERDIE REEKS:**

- Inleiding tot alternatiewe waterhulpbronne (pamflet no 1 van 4)
- Boorgate/putte (pamflet no 2 van 4)
- Gebruik van gryswater (pamflet no 3 van 4)

**Stad Kaapstad-hulpsentrum:**
**0860 103 089**

SMS: 31373 (maks 160 karakters)
E-pos: WaterTOC@capetown.gov.za

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD
HIERDIE STAD WERK VIR JOU

# WATER EN SANITASIE

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD
HIERDIE STAD WERK VIR JOU

# OPVANG VAN REËNWATER



## Alternatiewe waterhulpbronne

Pamflet no 4 van 4




**Wees deel van die oplossing**
**Ons water, ons trots**

## Inleiding

Teen 'n globale reënvalgemiddelde van 870 mm per jaar steek Suid-Afrika ver af met sy 450 mm, wat hom die dertigste droogste land ter wêreld maak.

Daar word voorspel dat die Wes-Kaap die eerste streek sal wees wat sonder water is tensy stappe gedoen word om die vraag na water doeltreffender te bestuur.

## Hoekom moet jy reënwater opvang?

As jy reënwater deur die opvang daarvan bymekaar maak en so jou eie water kan gebruik, het jy 'n versekeringspolis teen korttermyn-wateronderbrekings. Jy kan 500 liter water opvang met 'n reënval van 5mm op 'n dak van $100m^2$.

'n Reënwatertenk kan gebruik word om die tuin te besproei, op te was, skoon te maak, die toilet te spoel en die swembad vol te maak. Pype kan aangelê word sodat reënwater in die toiletspoelbak inloop om so die geweldige hoeveelheid water wat daagliks vir die spoel van die toilet gebruik word, te verminder.

Daar is dalk meer voordele aan die gebruik van reënwatertenks in somerreënvalgebiede as in winterreënvalgebiede. In winterreënvalgebiede kan 'n tenk van 5 000 ℓ wat hoofsaaklik vir die spoel van die toilet gebruik word, egter steeds 'n jaarlikse besparing van 15% teweegbring.

'n Reënwateropvangstelsel kan:

- Waardevolle drinkwater spaar
- Jou geld spaar en
- Die druk op ons natuuromgewing verlig

## Basiese reënwateropvangstelsel

Dit is baie eenvoudig om 'n basiese reënwaterstelsel te installeer. As gevolg van swaartekrag loop reënwater wat op jou dak versamel, via geutpype na watertenke. 'n Tipe reënwaterfiltreerstelsel word gewoonlik geïnstalleer om te verhoed dat drywende deeltjies die tenke binnedring. Jou stelselverskaffer sal die gepaste grootte en getal reënwatertenks volgens individuele gebruiksbehoeftes bepaal. Die reënwater word dan vanuit die reënwatertenks na die hele huishouding of vir besproeiing na die tuin gepomp.

## Posisionering van jou reënwatertenks

Jy kan jou tenks onder die rand van die dak teen die huismuur installeer of uit die oog, enige plek elders in jou tuin deur 'n ondergrondse pypstelsel te gebruik wat deur jou reënwaterstelsel-verskaffer voorsien kan word.

## Jou dak as 'n opvangsgebied

Metaal vorm die doeltreffendste dakoppervlak vir die opvang van reënwater, en kan bestaan uit sink, 'n plat ysterplaat of 'n omgekeerde kasribprofiel (IBR). Geteëlde dakke werk ook, maar dit is nie so doeltreffend vir die opvang van reënwater nie. Reënwater kan nie op 'n rietdak opgevang word nie.

Die gemiddelde berekenings vir die twee daksoorte:

- 11 mm reënval op 'n metaaldak kan sorg vir 1 000 ℓ opgevangde reënwater vir elke 100 $m^2$-dakoppervlakte.
- 16 mm reënval op 'n teëldak kan sorg vir 1 000 ℓ opgevangde reënwater vir elke 100 $m^2$-dakoppervlakte.

1


2


3


## Die regte grootte watertenk vir jou

Die grootte van die reënwateropvangtenk hang van jou unieke omstandighede af.

Die volgende faktore kan 'n rol speel in jou besluit:

- Getal mense in die huishouding wat water gebruik
- Die dakoppervlakte waar jy opvang
- Die tipe dak waarop jy opvang

Die gemiddelde grootte van die tenks wissel van 1 500 ℓ tot 2 500 ℓ en 5 000 ℓ. Jou reënwateropvangstelsel-verskaffer sal jou individuele omstandighede en watervraag bepaal, en jou raad gee oor die grootte en getal watertenks wat jy nodig het.

## Bespaar op munisipale rioolafloopgelde

Die munisipaliteit vra volgens 'n bloktariefstelsel gelde vir water en riolering. Jy word vir riolering aangeslaan slegs op grond van die volume water (hoeveelheid kiloliter) wat jy verbruik, en wel op 70% van die water wat deur die meter loop.

Deur reënwater te gebruik, sal daar minder water deur jou meter loop en jou waterrekening dus aansienlik minder wees.

## Reënwater wat vir menslike verbruik gebruik word

As gevolg van moontlike drywende deeltjies in die water en verhoogde suurvlakke in reënwater weens lugbesoedeling, is dit nie raadsaam om reënwater vir menslike verbruik te gebruik nie.

1 Jy kan die reënwatertenk op enige plek in jou tuin sit waar dit uit die oog is.
2 Die reënwater word vanaf jou tenk na jou huishouding of tuin gepomp.
3 Gebruik jou reënwater om jou tuin groen en gesond te hou.